Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS NET MY BESTE

15 Mei 2026 Uitgawe: 5/2/2026

# UIT DIE KANTOOR

Die toetsreeks vir Gr. 4-7 is tydens 'n bedrywige program suksesvol afgehandel. Baie dankie vir u geduld daarmee en dat ons op kort kennisgewing 'n aanpassing kon doen om voorsiening te maak vir ons Wesgrow-liga vandag teen Trio Primêre Skool.

Gister was Hemelvaart. Vroeër jare was dit 'n Christen-vakansiedag, maar deesdae steur min mense hulle daaraan. Dis vir my baie hartseer. Juis daarom het Tjokkies gister 'n geleentheid geskep vir ons personeel en leerders om in 'n mate daarin te kon deel. Baie dankie aan Ds. Thania Botha wat vir ons 'n kort Hemelvaartdiens kon hou. Dit lê my steeds na aan die hart.

Die wintersportseisoen loop nou einde se kant toe. Vandag vind daar 'n Mini-netbaldag by Fichardtpark Primêre Skool plaas en volgende week speel ons die finale netbal-ligawedstryde teen Fichardtpark voordat die uitspele plaasvind. Komende Donderdag se wedstryde vorm ook deel van die Wesgrow-kompetisie, so dit bly vir ons steeds 'n belangrike liga wat voorlê. Op Maandag, 25 Mei speel al die ander rugbyspanne teen Grey A (uitgesluit die o/13A-span). Dit sal die laaste wedstryde wees voordat die hokkieproewe die week daarna afskop.

**Kunswedstryd:**

Vanaf Maandag ,18 Mei vind die tweejaarlikse Kunswedstryd plaas. Dit is 'n geleentheid waar kinders regoor die stad hul kutuurvaardighede en talente ten toon stel. Baie sterkte aan al ons leerders en afrigters. Ons vertrou dat almal sommer puik simbole sal behaal vir harde werk ingesit.

**Verkeer om skool:**

Ek ontvang deurlopend klagtes van ouers oor verkeersituasies rondom die skool. Die kommer handel die afgelope tyd egter nie oor verkeersvloei nie, maar oor motoriste wat padreëls en veiligheidsmaatreëls verontagsaam. Dit is vir my uiters ontstellend dat daar onlangs weer drie afsonderlike gevalle binne een week was waar leerders byna deur voertuie raakgery is. Hierdie situasie is onaanvaarbaar en uiters gevaarlik.

Ek rig daarom 'n baie ernstige beroep op alle ouers en bestuurders om met uiterste versigtigheid in die omgewing van die skool te bestuur, veral in Louis Bok-, Ross- en Von Bondestraat. Ons moet te alle tye onthou dat kinders onvoorspelbaar kan beweeg en dikwels nie sigbaar is agter groter voertuie soos bakkies, SUV's en voertuie soos Fortuners nie. Die hoë agterkante van hierdie voertuie beperk sigbaarheid aansienlik en 'n klein kind kan baie maklik misgekyk word.

Ek versoek ouers dringend om die verkeerskegels en ander veiligheidsmaatreëls te respekteer en te gehoorsaam. Hierdie maatreëls word doelbewus aangebring om die veiligheid van ons leerders te beskerm. Ry asseblief stadig en waaksaam in die skoolomgewing.


Ons kan nie toelaat dat ’n leerder van Tjokkies op sy eie skoolterrein raakgery word nie. Die veiligheid van ons kinders moet vir elkeen van ons die hoogste prioriteit wees. Ek vertrou dat u hierdie saak met die erns sal hanteer wat dit verdien en u volle samewerking sal gee.

Dankie vir u begrip en ondersteuning.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 15 Mei: | Wesgrowliga @ Trio (Kroonstad) |
| | Mini-netbal @ FHP |
| 18 Mei: | Vrystaat Kunswedstryd begin |
| 19 Mei: | Skaakliga |
| 21 Mei: | Wesgrowliga vs Fichardtpark |

## VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 18 Mei: | Mnr. Ryno Eckard (Gr. 7) |
| 19 Mei: | Mnr. Riaan Bosch (Sport) |

**God kom doen ‘n volledige werk!**

EKSODUS 15:20, 21 AFR20

[20] Toe het Mirjam, die profetes, die suster van Aäron, 'n tamboeryn in haar hand geneem en al die vroue het agter haar uitgegaan met tamboeryne en in 'n kring gedans.
[21] Mirjam het vir hulle die refrein gesing: “Sing vir die Here, want Hy is hoog verhewe. Die perd en sy ruiter het Hy in die see geslinger.”

Mirjam se lofprysing volg direk nadat God die Israeliete gered het; Hy het al die Egiptiese strydwaens en bemanning in die Rietsee laat verdrink.

God se getrouheid en krag word aan Sy volk geopenbaar, deurdat Hy nie ‘n halfpad-werk doen nie, maar ‘n volledige een:

- die Israeliete trek deur die Rooisee op gelyke, droë grond

- God vernietig al Israel se vyande...nie een bly leef nie!

Jesus se werk aan die kruis is volledig! Sy opoffering bring vergifnis vir AL ons sonde en bring VOLKOME vryheid en genesing.

Dit gee meer as genoeg rede om nes Mirjam ‘n tamboeryn op te tel!

PSALMS 136:1, 13-14 NLV


[1] Prys die Here, want Hy is goed! Aan sy liefde is geen einde nie.

[13] Hy het die Rietsee oopgekloof, aan sy liefde is geen einde nie [14] en Israel veilig laat deurtrek, aan sy liefde is geen einde nie.

# DON'T MAKE A MOVE WITHOUT US





**LANGENHOVENPARK**
**TWEE APARTE WONINGS – ELK MET EIE INGANG & BRAAI AREA**
**VOL TITEL; ERF: 836 sqm**

WOONHUIS EEN 272 sqm
: 3 RUIM SLAAPKAMERS; 2.5 LUUKSE BADKAMERS
: RUIM OOPPLAN FAMILIEKAMER &" CEASARSTONE" KOMBUIS
: DUBBEL MOTORHUIS
: ONDERDAK 28 SQM BRAAI – EN PIZZA OOND
:" BOMA" VUURPUT & SWEMBAD

TWEEDE WONING :170 sqm
: 2 RUIM NOORDFRONT SLAAPKAMERS; 2 RUIM BADKAMERS
: RUIM OOPPLAN LEEFVERTREK
: FUNKSIONELE UITLEG VAN KOMBUIS MET "CEASARSTONE"
WERKSOPPERVLAKTES
: MOTORHUIS & GASTEPARKERING
: PRIVAAT BRAAI – AREA ONDER ENORME "LOUVRE"DAK
BEIDE SMAAKVOL OPGRADEERDE EN PYNLIK NETJIESE HUISE TEEN R3 650 000




MARINDA 0824432681
ANNA MARIE 0839814089

## CARITAS = KINDNESS MATTERS






"CARITAS" LIFESTYLE VILLAGE -
DIREK LANGS STIRLING HOSPITAAL, LHP
24/7 PANIEKKNOPPIE – MEDIESE HULP
OPPERVLAKTE: 100 sqm TOT 135 sqm
PRYS: R1 450 000 TOT R1 650 000
SLEGS 7 EENHEDE BESKIKBAAR
BAIE RUIM OOPPLAN SIT- EETKAMER EN GROOOT KOMBUIS
RUIM SLAAPKAMERS
MOTORHUIS – AFDAK OPSIONEEL
VOORAFBETAALDE KRAG/ GEEN WATERREKENING ( BOORGAT)
EN LAE HEFFINGS


Nicolien Se
Middagstudie
Graad R-7
Vir meer inligting kontak gerus vir
Nicolien Nel: 083 444 9329 of
email: Nicolien22@gmail.com
Grey / Eunice
PRES PAUL KRUGER
Tjokkies
ROSS
DE BRUYN
JIM FOUCHE
JURAS
NICOLIEN SE Middagstudie
PRES PAUL KRUGER
EDELING
WALTER SISULU
Jim Fouché
STALS
NICOLIEN SE
Middagstudie
Pres Paul Kruger 125
083 444 9329 • nicolien22@gmail.com